

**Vrydag 24 November**

**Skrifgedeelte: Lukas 18:1-8 (1933/53-vertaling)**

**Fokusgedeelte: Lukas 18:8b**

**Die noodsaak vir ware gebed in ons lewe**

Dikwels word hierdie gelykenis uitgelê asof Jesus leer dat ons net moet aanhou om te bid, want uiteindelik sal God wel toegee, net soos die onreg-verdige regter gedoen het.

Dit is nie wat Jesus in hierdie gelykenis leer nie. Inteendeel, die punt van die gelykenis is juis dat God glad nie soos hierdie onregverdige regter is nie. Die regter was iemand wat God nie gevrees het nie en geen mens ontsien het nie. Daarom moet ons in hierdie regter eerder 'n beeld sien van die wêreld.

Die tweede karakter is dié van die weduwe. Vanuit die versekering van vers 7 dat God gou reg sal doen aan “sy uitverkorenes”, word dit duidelik dat ons ook na die identiteit van hierdie weduwe, dieper sal moet kyk. Sy is beeld van die kerk van die HERE wat swaarkry onder die onregverdige optrede van hierdie wêreld. Die gelykenis handel dus ten diepste oor die gevaar van gebedstamheid by die kerk.

Die swak skakel in gebed is nooit God nie. Ter wille van sy Seun staan Hy gereed om ons te versorg met ryk gawes uit die skathuis van sy Seun se verdienste. Die swak punt is egter onself.

Daarom die vraag van ons teks: As die Seun van die mens kom, sal Hy wel die geloof vind? Geloof wat op Hom steun?

- Mense wat alles van Hom vra en verwag?
- Mense wat God ken as ons Vader in Christus?

Moenie ophou om te bid nie! Dis die merkteken van die gelowige.

*Sing: Psalm 66:7, 8, 9 (1936)*

*Ds. BC (Ben) Smit (Pretoria-Meintjeskop)*